St. Juan van Sahagun

12 Junie

(1419—1479)

Hy is gebore in die dorpie Sahagun in die provinsie Leon in die destydse Spanje. In Salamanca studeer hy en tree hy in 1463 by die Augustyne in waar hy tot priester gewy is. Hy raak bekend as prediker en wonderwerker. Sy prediking en merkwaardige vermoë om mense se harte aan te raak lei tot ‘n geestelike oplewing in die plaaslike Kerk. Hy het ‘n diep toewyding gehad tot die Allerheiligste Sakrament en daar word vertel dat die hostie dikwels tydens die Heilige Mis in sy hand ‘n lig begin uitstraal het. Hy is waarskynlik vergiftig deur die minnares van iemand wat as gevolg van een van sy preke hul buite-egtelike verhouding verbreek het. Deur die eeue heen het tallose wonderwerke by sy graftombe plaasgevind.

© Die Oratorium Uitgewery